NBC

Nederlands Bijbelstudie Circulaire

13e jaargang nummer 3 **november 2003**

Die Heilige Vierdae Van Die Here

door Dr. Jan Beute (1995)

Ons moet eerstens beklemtoon dat die heilige vierdae wat in hierdie hoofstuk genoem word, nie almal feestye is nie. In Levìtikus 23 vind ons die Hebreërse woord "miqra" wat as "heilige vierdag" of as "heilige sameroep" vertaal word. Van die 23 keer dat die woord in die Ou Testament voorkom, word dit 11 keer in hierdie hoofstuk genoem. 'n Voorbeeld daarvan is sabat wat 'n vierdag is, en geen feestyd. Die vasgestelde hoogtye van die Here is dus nie almal feestye nie. As dit verkeerd verstaan word, sal ons later probleme hê om die tyd van Christus se kruisiging te bepaal.

Die heilige vierdae is deel van Moses se wette. Al hierdie heilige vierdae wys terug na Christus se werk, vanaf Sy kruisiging tot en met die nuwe skepping na die Jongste dag.

Die wette van Moses maak ons eerstens bewus van ons eie sondige natuur. Dit is nie daar om ons te beskerm nie, maar eerder om ons saam met die ou skepping te veroordeel.

As ons wette van Moses verder bestudeer kry ons die uiteindelike doel van die wet. Dit lei ons tot kennis van Christus. Die wette van Moses en die profete getuig van wat alles deur God tot stand gebring is. Dit getuig van Christus! "Want hy (Moses) het van My geskrywe." Joh.5:46

Die heilige vierdae maak ook deel uit van die wet, en as Christus nie daarin raakgesien word nie, het die wette geen betekenis meer oor nie. Die offers wat Israel met tye van Maleagi aan die Here gebring het, was 'n afsku vir die Here. Die rede is dat hulle siek diere vir die Here geoffer het. Christus was volmaak en die geofferde diere moes ook so gewees het. As Israel die diepere betekenis van die offers raakgesien het, sou hulle nooit

die siek diere gebruik het nie.
Daar is net een offer wat God nou wil hê, en dit is offer van Christus.
Opsommend kan ons sê dat daar 8 heilige vierdae is, waarvan sommige feestye is. Almal word een maal per jaar gevier, behalwe die sabat wat elke week gevier word. Dit is 'n besondere vierdag vir die Here.

Die struktuur van die heilige vierdae soos in Levitikus 23

Eerste maand:	
Pasga (is geen fees)	Dood
Fees van ongesuurde brode	Opstanding
Eersteling brode	Hemelvaart
Derde maand:	
Sewe weke fees	Gemeente
Sewende maand:	
Fees van die geklank	Opname van die gemeente Begin van Daniel se 70 weke
Grote versoendag	Bekering van Israel Einde van Daniel se 70 weke. 33 jare begin
Loofhutte fees	Bekering van die volkere Begin van die 1 000 jaar van vrede

Sabat

Ses dae lank moet Israel werk, en op die sewende dag moet hulle rus. Sabat beteken rus. Die woord word afgelei van die Hebreërs woord "shavath" wat beteken om te rus, of anders om op te hou met werk. Die Hebreërse woord sabat word ook verbind met die Hebreërse letter "shevah" wat sewe is, en die woord "shaba" wat beteken om 'n eed te sweer, of om genoeg te hê.

Hierdie dag is 'n heilige vierdag vir

Israel. Die sabat word gevier in by-voorbeeld hul eie huise. Tydens die periode toe Israel in die Babiloniese ballingskap weggevoer was, is die sinagoge gestig. Gedurende die tyd was Israel nie in hulle eie land en die tempel was boonop toe ook verwoes. Dit was toe gebruiklik onder die Jode om op sabat dag in die sinagoges byeen te kom. Vir die Jode was dit 'n alternatief, omdat daar geen tempel was nie. Elke sinagoge het 'n skuilplek, 'n plek agter 'n gordyn, wat binne in 'n muur verberg is. Vir die Jode is dit 'n beeld van die eerstydse tempel of tabernakel. Daarbinne in die heilige der Heiligste (in die eerstydse tabernakel of tempel) is die ark gebêre met die twee stene tafels van Moses.
Vandag is daar geen tempel omdat ons die gelowiges in Christus, as 'n "geestelike tempel" gesien kan word. Eers na die wegraping van die gelowiges, sal daar weer 'n letterlike tempel op hierdie aarde wees.

Geen werk mag op die dag gedoen word nie. Met die herskepping van die aarde het God vir ses dae gewerk en op die sewende dag gerus. Gen. 2:2 Hierdie skepping van ons kom net tot "die sewende dag" want op die sewende dag is daar niks meer oor om te doen nie. Die Sabat is nie 'n opgelegde wet vir Israel nie, maar wel 'n gawe. Dit is 'n seën om te kan rus.

Ons wêreld word gekenmerk deur die getal sewe, en alle dinge in natuur is in siklusse van 7, wat algemeen bekend staan as bioritme. Die volgende voorbeelde kan aan gedink word.
Die maan beweeg in siklusse van 28 dae of 7 x 4 dae. Die maandstonde word ook van die die woord maand afgelei omdat dit gewoontlik in siklusse van 7 x 4 dae voorkom. Die swangerskapduurte van die mens is ook in sewes (40 x 7 dae). Dit is die natuur wette. Die agste dag en wat daarop volg behoort by die nuwe skepping.

Wanneer word die sabat aan Israel bekend gemaak?
Hierdie dag was aan Adam bekend vandat God hom geskape het. In Exodus 16 toe God aan Israel die manna gegee het, word die dag aan hulle die eerste keer bekend gemaak . Dit was toe nog nie 'n vierdag vir Israel nie. Die manna het so geval, dat op die sesde dag daar 'n dubbele hoeveelheid vir Israel was. Die sewende dag was toe 'n rusdag. "Môre is die rusdag, 'n heilige sabat van die Here." Ex. 16:23

Ons kan onsself nou afvra op watter dag die manna die eerste keer vir Israel geval het? Dit was die eerste dag, die dag toe die Lewe te voorskyn gekom het. Lewe kom op eerste dag van die week, die dag toe Jesus uit die dode uit opgestaan het. Manna is 'n tipe van die Woord van God en Christus. Die insameling van manna het begin toe Jesus uit die dode uit opgestaan het, sodat die volk kan bly lewe. "Ek is die Brood van die Lewe." Joh. 6:35

Sabat is 'n teken vir die volk. "Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou want dit is 'n teken tussen My en jul-

le." Ex. 31:13, 17 Teken is iets met 'n betekenis, en daarom is die sabat 'n teken tussen God en Sy volk. Dit is duidelik so omdat daar 'n diepere betekenis agter die sabat skuil. God sê dat as iemand die sabat ontheilig moet hy gedood word. Ex. 31:14 Dit het seker nog nooit plaasgevind nie. As wel moet ons almal dood wees. Die wat nie wil glo dat Christus se werk absoluut volledig is, sal sekerlik sterf. Hulle wil nie rus en die opstandings lewe van Christus in hulle eie lewe aanvaar nie, en daarom sal hulle die beloofde rus nooit kan binnegaan nie. Christus se werk is volledig, en daar is nou niks meer oor om by te voeg nie.

Wie is Here van die Sabat? Dit is Christus. "Want die Seun van die mens is Here ook van die sabat." Mat. 12:8; Luk. 6:5 en Mark. 2:28

Die sabat is 'n teken van hoe die Here Homself op die sewende dag gedra het. Die Here het in die verlede op die dag gerus. In die sewende dag (of die sewende bedeling) sal die wêreld ook rus. Sabat is dus n voorskadu van die 1000 jarige vrederyk hier op aarde. Elke sabat is 'n teken van die 1000 jaar. Toe Israel in Kanaan ingekom het, het hulle die rus nie ingegaan nie. Heb. 4:8 Josua en Dawid het die rus ook nie binnegegaan nie. Omdat Dawid van die rus gepraat het, is weereens 'n bewys dat Josua die rus nie ingegaan het nie. David kon hulle nie die beloofde rus laat ingaan, as gevolg van hul ongeloof. Na die opstanding van Christus kan ons nou met alle vrymoedigheid die rus binnegaan. Die enigste voorwaarde is die van geloof. Israel kon toe ook onder voorwaarde van geloof die rus in Kanaan binnegegaan het. Net twee mans (Kaleb en Joshua) het geglo dat dit kon gebeur. Die ander het as gevolg van hul ongeloof in die woestyn gesterwe. Israel het toe gladnie die rus binnegegaan. Die volk Israel moet die "sabat" nog binnegaan. Daar is net een voorwaarde en dit is die van geloof soos vandag. As ons Christus se stem gehoorsaam kan ons die rus (die hemelse Jerusalem) ook binnegaan. Die wat by die rus ingegaan het, moet dan ophou met sy werke. Heb. 4:13Christus se heilsplan is volledig en daarom is enige van ons werke oorbodig. Ons moet nie verhard word soos Israel in die woestyn, wat die rus nooit binnegegaan het, as gevolg van hul ongeloof. Die rus wat ons nou kan binnegaan is deel van ons hemelse belofte wat Christus aan ons gemaak het. Ef. 2:5 Die rus wat aan Israel beloof is, is deel van 'n aardse Jerusalem. Dit sal eers bewaarheid word na die "dag van die Here", die tyd as Israel die Here sal aanroep.

"En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die Here jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die Here jou God jou beveel om die sabat dag te hou." Deut. 5:12-15

Hier word die verlossing van Israel as 'n teken gesien. Dit gaan om slawe arbeid. Die volk was onder die juk van die slawerny in Egipte en die Here het hulle daarvan verlos. Hulle is nou vry

om die rus in te gaan. Dieselfde is ook met ons die geval. Ons was onder die juk (slawerny) van die wet, maar is nou daarvan verlos. "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van die diensbaarheid bring nie." Gal. 5:1

Ons as gelowiges in Christus, lewe nou al verby die sewende dag, en maak deel uit van die agste dag. Ons is nie deel van Saterdag die sewende dag, maar eerder Sondag die agste dag. Saterdag is die sewende dag van die week, en maak nog deel uit van die ou skepping. Ons wat nou reeds deel is van die nuwe skepping, is nie langer vasgevang in die greep van die ou skepping. Elke dag van die week, en nie net Sondag alleen, is vir ons 'n agste dag. Ons getuig aan die wêreld dat ons deel is van 'n nuwe skepping, en nie langer vasgevang is in die slawerny van hierdie wêreld nie. Ons is bevry en maak deel uit van 'n hoër orde.

Pasga

Wanneer word diePasga gevier, en is dit 'n fees? "En in die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, is die pasga van die Here. En op die 15e dag van hierdie maand is dit fees; sewe dae lank moet ongesuurde brode geeet word." Numeri 28:16

Die 14e Nissan is pasga en die 15e Nissan is die fees van die ongesuurde brode.

Exodus 23: 14

Hier word aan Israel vertel dat hulle drie ryse per jaar na Jerusalem toe moet gaan. Die eerste is vir die fees van die ongesuurde brode. Pasga word nie hier genoem omdat dit geen fees is nie. Tydens die pasga en die fees van die ongesuurde brode word daar vir 8 dae lank ongesuurde brode geeet. Die pasga word geslag in die aand, die tyd as die son ondergaan.

Deuteronómuim 16: 1, 6

Pasga word gewoontlik in die maand Abib (Nissan) gevier, maar daar was 'n uitsondering soos in Númeri 9. Dit word in Jerusalem gevier. In Numeri 9 word pasga in die 2e maand gevier, omdat die volk besmet was. Die volk Israel mag moontlik weer pasga in die tweede maand vier, dus een maand na die "dag van die Here". Hulle hande was met bloed besmet en hulle moet hulself eers reinig. (Die Here mag Homself moontlik weer aan Israel openbaar, dieselfde tyd toe hulle hom verwerp het op die 10e Nissan, wat dan Sy intog in Jerusalem moes gewees het. Die volk het Hom verwerp.)

Exodus 12

In Exodus 12 word die pasga vir die eerste keer gevier. Dit was 50 dae voor die wet van Moses aan Israel bekend was.

Met hierdie gebeurtenis word die jaar kalender ook verander. Ex.12:2 Die sewende maand word die eerste en die eerste maand word dan die sewende. Nissan wat veronderstel was om Israel se sewende maand te wees, word toe verander na hulle eerste maand. Hiermee wyk hulle af van al

die ander volkere. Nuwejaars dag vir Israel val dan op die eerste Tisri, dus in September/Oktober maand. Israel se uittog uit Egipte was in die sewende maand, maar dit word toe hulle eerste maand. Ek voel dat daar 'n diepere betekenis agter die tydsverskuiwing is. Israel sal in hul sewende maand, met Grote Versoendag, die Here aanvaar. Die tyd daarvoor was toe nog nie reg nie en die kalender is toe teruggeskuif na die eerste maand van hulle feeste. Die eerste maand se feeste het te doen met Christus se eerstekoms aarde toe, en die gevolglike hemelvaart. Met Christus se tweede koms sal die eerste en die sewende maand se feeste moontlik saamsmelt, om een groot fees te word. Die feeste van die eerste maand het te doen met die bekering van die volk en die feeste van die sewende maand het te doen met hulle ingaan in die Koninkryk van Christus. Dit alles sal bewaarheid word met Israel se toekomstige bekering.

Die sabat vir Israel begin altyd die aand van die sesde dag, voor die aanbreek van die sewende dag. Dit is 'n 1/2 dag vroeër as die res van die wêreld. Israel sal die rus kan ingaan met die "dag van die Here" en die volkere sal dan die res van die sesde dag, of 33 jaar van die groot verdrukking in duisternis wag. Hulle sal eers die 33 jaar periode moet afwag voordat hulle die rus vir hulle sal aanbreek. Die sabat (of rus) vir Israel begin vroeër, as die res van die ander volkere.

Op die 10e Nissan moes elk huisgesin 'n lam binnein in hulle eie huise neem, of een lam vir 2 huisgesinne. Ex.12:3 Die lam is 'n tipe van die Here Jesus wat absoluut volmaak is. Die woord 10 beteken dat God homself met die wêreld besig hou, soos in die tyd toe die tien gebooie geskrywe is. Die lam moes vier dae in hulle huis bly, wat weer terugverwys na die 4e bedeling, die bedeling van die wet. Die bedeling het begin toe die wet (tien gebooie) aan Israel toevertrou is. Die lam is toe binne in hulle eie huis ingeneem.

"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun uitgestuur..... gebore onder die wet." Gal. 4:4
Die Seun wat God na die aarde toe uitgestuur het, is die Lam wat onder die vloek van die wet gebore is. Die familie (vrou) waarmee Jesus Christus gebly het is Israel. Toe die volheid van die tye was, het Christus ons van die vloek van die wet verlos. Aan die einde van die vier dae (4e bedeling) het Christus ons verlos. Christus maak deel uit van Israel en het saam met hulle gewoon. Na die periode wou die volk Hom nie aanvaar en is toe inteendeel gekruisig.

Die tiende Nissan

Die lam is in Israel se huise ingeneem. Op die 10e Nissan het Josua met droë voete deur die Jordaan rivier getrek. Hulle moes toe ook eers vir twee dae by Shittim wag, om op die derde dag deur die Jordaan rivier te trek. Dit is dieselfde dag toe Israel by Gilgal, aan die anderkant van die rivieroewer, 'n

lam in hulle huise moes inneem. Hulle is toe ook dieselfde dag besny.
Die intog van Jesus voor Sy kruisiging was ook op die 10e Nissan, die tyd toe Israel as volk Christus (hulle lam) ook moes aanvaar het. Dit staan duidelik so Lukas 19:42-44:
"As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek..... en hulle sal jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."
Dit is die tyd toe Israel hul "lam" binne hulle eie huise moes ingeneem het.

Exodus 12:5 Sê dat dit 'n volkome lam moet wees, en geen gebrek mag daaraan gevind word nie. Israel het met die kruisiging van Jesus geen been van Hom gebreek nie. Joh. 19:36; Ps. 34:19, 21
Al die benere is bewaar. Psalm 34 gaan alleenlik oor Christus, want 'n gelowige kan wel sy bene breek.
Die lam was ook een jaar oud. Die woord jaar (shaneh), tand (shen) en twee (shen-ah-yim) stam almal van dieselfde Hebreërse woord af. Daar is 'n dubbelheid in tande, naamlik 'n bo en 'n onderkaak, en wissel tande en permanente tande. Die Paaslam het iets dubbel. Die dubbelheid getuig van Sy eerste en tweede koms.
Die kleinvee in die Bybel praat oor Israel. Jesus (die lam) is gebore uit die stam van Judah. 'n Voorbeeld is die kleinvee (skape) wat die herder volg. Hulle ken die stem van die herder. Die grootvee volg geen herder, maar word aangejaag.
Hulle moet die lam in bewaring hou vir vier dae. Teen die aand met sonsondergang moes hulle die lam geslag het. Dit was voor sonsondergang, die tyd van die kruisiging. Ex.12:6
Aan die deur moes hulle die bloed gesmeer het. Ex.12:7 Bloed praat altyd van lewe. Die bloed van Christus is sy lewe. Die bloed (Lewe) van die lam word aan die deur gesmeer. "Ek is die deur." Joh.10:7
Die lewe van die lam gaan aan die deur. Ons wat in Christus glo gaan ook deur die Lewende deur. 'n Deur in is 'n gat met 3 sye. Aan die drie sye word die bloed gesmeer, maar nie aan op grond wat die vierde sy is nie. Die bloed aan die boonste sye van die deur praat van die opgewekte Christus.
Hissop word ook gebruik, wat van opstanding praat.

Die brode moet ongesuurd wees. Ex.12:8
Ongesuurde brood praat van die nuwe skepping. Daar mag niks van die oue skepping teenwoordig wees nie. Christus is die begin van 'n nuwe skepping. Toe die dissipels saam met Christus die paasmaaltyd gevier het, was daar ook wyn teenwoordig. In hierdie vers staan dit nie dat daar wyn met die paasmaaltyd teenwoordig was. Ons kan die teenwoordigheid van die wyn alleenlik in die Evangelies aflei. Wyn getuig ook van die nuwe lewe wat ons in Christus ontvang het.
Die bitter sous sê dat die paaslam sleg vir die ou natuur of die ou mens is. Die ou mens word deur die paaslam veroordeel. Dieselfde oordeel was ook met

die eersgeborene in Egipte, wat deur die engel van God veroordeel was.

Die gehele lam met die hoof, ingewande en voete moes in die vuur gebraai word. Dit mag nie in water gekook word nie. Ex.12:9, 10 Water is 'n tipe van die Woord van God, en vuur van God se oordeel. Christus was nog nooit deur Sy eie Woord veroordeel nie, en daarom die afwesigheid van die water. Die lam word in sy totaliteit verbrand en niks daarvan mag oorbly tot die volgende oggend. Die ou skepping word in sy totaliteit veroordeel, en niks van die ou skepping mag in die nuwe skepping oorbly nie. In Op. 20:11 was daar geen plek meer vir Satan te vinde nie, omdat die gehele ou skepping veroordeel was.
In 2 Kor. 5:15 staan dit dat die Here vir almal gesterf het. Sondare bestaan nie meer voor God nie, omdat hulle saam met die ou skepping alreeds veroordeel is. Die wat in Christus is, vorm deel van 'n nuwe skepping. Die lam is tenvolle saam met die ou skepping geoordeel. Met pasga toe die lam geslag was, het God die wêreld geoordeel. God het toe met die ou skepping afgereken.

Die mense moes die pasga vinnig geëet het, met die skoene aan hul voete. Ex. 12:11, 12 Deur van die pasga te eet, word Israel verbind met die ware Eersgeborene, wat hulle na Kanaan toe sal lei. Christus is die ware Eersgeborene. "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping." Kol. 1:15, 18

Die eersgeborene het te maak met die erfreg van Israel. Christus is die Eergeborene omdat hy Sy erfenis, van God sal ontvang. Alle erfgename (eersgeborene) in Egipte sal doodgemaak word. Na die slagting van die paaslam sal daar geen ander erfgenaam meer oor wees nie.
Nadat Israel vir Jesus gedood het, is geen erfgenaam meer in hierdie wêreld te vinde nie. Die Jode van vandag het geen register meer oor om te bepaal wie die were eersgeborene is nie. Hulle boeke is verbrand. Die geslagsregister van Matthéüs 1 word ook nie deur hulle betwis nie.
In Openbaring 5:9-12 is daar 'n visie van 'n Lam wat geslag was, en alleenlik waardig is om die seëls van die boek te open. Hy is die enigste Eersgeborene.
Die paaslam wat geslag was, het te maak met eersgeborene van die wêreld.

Bloed aan die deur poste is geen plaag maar wel 'n teken. Ex.12:13 Bloed is 'n bewys van lewe. As bloed uitgestort word, word lewe daarmee ook saam uitgestort. Die Israeliete wat in Egipteland was, en wat die bloed aan die deurposte gesmeer het, het hulself vereenselwig met die bloed (lewe van die lam). Bloed is die lewe van die paaslam, en die lewende deur is Christus. Bloed druk lewe uit. As ons in die nuwe Testament die woord bloed teëkom, kan ons die woord lewe ook daarvoor invul. Dan kry die tekste vir my 'n meer positiewe betekenis, en die woord 'bloed' wat baie men-

se verafsku, word dan ook minder gebruik.

Gedurende pasga, moes Israel aan hul verlossing uit Egipte dink. Ex. 12:14 In Exodus 12 staan dit drie keer dat Israel die pasga moet vier. Dit is geen fees nie. Eers na die pasga word fees gevier. Dit is die fees van die ongesuurde brode.

Wanneer was dit die laaste pasga?

Die vraag nou is of die vier Evangelies met mekaar ooreenstem, en of die laaste pasga op die 13e Nissan of op die 14e Nissan was? Deesdae is daar baie misverstande omtrent die datum van die laaste pasga. Baie aanvaar dat die Woord van God Homself weerspreek. Dit is onmoontlik. Die fout lê by die mense en teoloeë wat die Woord van God verkeerd lees.

Joh. 13:1 word gewoontlik aangehaal om te bewys dat die nagmaal gevier was voor die laaste pasga. Die Kruisiging van Christus was dan met die laaste pasga, die tyd toe die paaslam geslag was. Die ander drie Evangelies van Matthéüs, Lukas en Markus sê weer dat die laaste nagmaal met die laaste pasga saamgeval het, op die 14e Nissan. Hoe is dit nou moontlik? Die misverstand word gewoontlik veroorsaak omdat daar 'n inkorekte vertaling of 'n verkeerde verklaring van die Skrif is. Ons moet egter ook in gedagte hou dat die Jode in die tyd van Christus, ook afgewyk het van die wette van Moses.

In die Evangelies is daar sprake van:

die pasga
die fees van die ongesuurde brode
die dag van die voorbereiding
en die "grote" sabat

Die gebeure was as volg:

Die laaste pasga (nagmaal) was op donderdag die 14e Nissan.
Die kruisiging was op vrydag die 15e Nissan.
Die opstanding was sondag op die 17e Nissan.

Lev. 23:5 sê duidelik dat die pasga op die 14e Nissan moet wees.
Volgens Luk. 22:7 word die paaslam geslag op die eerste dag van die ongesuurde brode. Dit was toe nagmaal.
In Mat. 26:17 lees ons dat die dissipels na Jesus gekom het, op die eerste dag van die ongesuurde brode toe die paaslam geslag moes word.
Mark. 14:12 praat ook oor die tyd van pasga en ongesuurde brode. Die nuwe vertaling het dit verbaster deur te sê dat dit op die "fees" van die ongesuurde brode was. Dit was geen fees nie. Die fees van die ongesuurde brode sal eers na pasga volg. In die grondteks kom die woord fees nie voor nie.

Die probleem kom as ons die pasga (waar daar ook ongesuurde brode geeet word) verwar met die fees van die ongesuurde brode. Die pasga is op die 14e Nisssan en die fees van die ongesuurde brode vanaf die 15e Nissan tot en met 21e Nissan. Deut. 28:16-17

Die pasga is 'n herhindering aan die

verlossing van die eersgeborene uit Egipte, Ex. 12:14 en die fees van die ongesuurde brode word gevier as herhindering aan hulle verlossing uit die dienshuis (Egipte). Ex. 23:15
Nog duideliker hieroor is die boek Exodus 23:14 waar daar 'n opsomming van al die feeste is. Pasga word gladnie hier onder die feeste genoem nie.

As ons die Evangelies lees moet ons al uit die ou Testament weet, dat as daar wel oor 'n fees gepraat word, dit nie kan oor die slagting van die paaslam gaan nie. As ons in Joh. 2:23 lees oor die pasga en die fees, moet ons dink aan 'n periode wat die pasga insluit en ook die fees van die ongesuurde brode.
Die tyd van pasga en die fees van die ongesuurde brode word gekenmerk omdat daar geen suurdeeg teenwoordig mag wees nie. Dit is hoekom die terme "pasga" en "ongesuurde brode" as sinonieme in die Joodse en Bybelse taal gebruik word. Hulle word deurmekaar gebruik. As daar wel sprake is van 'n fees dan gaan dit alleenlik oor die fees van die ongesuurde brode wat op die 15e Nissan begin. Ons sal na die Evangelies kyk om te sien waar die woord fees nie genoem word nie.
Mat. 26:17; Mark. 14:1; In die grondteks kom die woord fees nie voor nie. Dit behoort skuins gedruk te word; Mark. 14:12; Luk. 22:7; Joh. 12:1; Joh. 18:39

In Luk. 22:1 word die pasga en die daaropvolgende fees van die ongesuurde brode as een geheel gesien. In vers 8 word vertel wat gebeur het op die spesifieke dag van pasga, die dag toe die ongesuurde brode begin het. Soortgelyke vergelykings kan ook gemaak word in Mark. 15:6 en Luk. 23:17.
Soms word Mat. 26:2 ook misverstaan. Dit sê nie dat die Seun van die mens tydens pasga gekruisig sal word nie, maar wel dat Hy oorgelewer sal word. Mark. 14:1 beskryf ook hierdie gebeure. Hier word gesê dat oor twee dae die pasga en ongesuurde brode sal begin. Dit is die 14e Nissan toe Hy oorgelewer was.

Verder moet ons ook daarop let dat in die grondteks van die Hebreërse ou Testament of die Griekse manuskripte van die nuwe Testament die woord brood nie voorkom nie. Ons kan Mat. 26:17 met reg lees as: "En op die eerste dag van die ongesuurde dae" Met pasga was daar geen ongesuurde brode meer oor nie, en die fees sal dan eers die volgende dag aanbreek.

Nou sal ons Joh. 13:1 beter verstaan waar dit staan dat "voor die fees van die pasga." Volgens Johannes was die nagmaal nie voor pasga, maar wel voor die fees van die pasga (Die fees van die ongesuurde brode). Johannes is dus in akoord met die ander drie Evangelies! Dit was pasga op die 14e Nissan, die tyd toe die paaslam geslag was.

As ons nou die nuwe vertaling lees, vind ons dat die woord fees telkemale

nie in die grondteks voorkom nie. Dit bemoeilik die verstaan van die teks. Die voorbeelde is:

"Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brode kom die dissipels". Mat. 26:17

"Twee dae sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brode wees." Mark. 14:1

"Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brode" Mark. 14:12

Volgens Lev. 23:5, 6 kan die pasga en die fees van die ongesuurde brode nie op dieselfde dag wees nie.

Vir my is die enigste ware haakplek Luk. 22:1: "En die fees van die ongesuurde brode wat pasga genoem word, was naby."

Volgens die geskrifte van die Joodse oudhede, boek 14 en 17 vind ons dat die Jode die fees van die ongesuurde brode ook as die pasga genoem het. Dit word so deur die Jode genoem. Van hier af sou gebeure plaasvind het, vanaf die slagting van die paaslam, en die daaropvolgende kruisiging. Later in hierdie hoofstuk, vers 7, staan dit duidelik dat die paaslam geslag was op die dag van die ongesuurde brode.

Die Joodse dag en sabat

Volgens Joh. 13:29 kon Judas nog gekoop het voor die fees van die ongesuurde brode. Sommige redineer en sê dat die fees van die ongesuurde brode begin het die aand (of met sonsondergang) van pasga, toe die son ondergegaan het. Die Joodse dag begin altyd die oggend as die son opkom, maar daar is twee uitsonderings. Dit is elke sabat (wat elke Vrydag aand begin), en die Grote versoendag. Lev. 16:31 Die aand van die pasga het by die dag van die pasga behoort en die fees van die ongesuurde brode sal eers die volgende dag met sonsopgang begin. Judas het dus genoeg tyd gehad om sy besigheid te doen tot en met die volgende oggend. In die nuwe Testament vind ons baie keer die uitspraak soos die "sesde uur" of die "derde uur." Die sesde uur is ses uur na sonsopgang (12:00H volgens ons berekening) en die derde uur, nege uur in die oggend.

Volgens seremonieele wette van Lev. 22:7 kan iemand ook as rein verklaar word met sonsondergang. Dit is nie te sê dat 'n nuwe dag al begin het nie.

Die dag van die voorbereiding

Op die dag van die kruisiging praat Johannes ook van die dag van die voorbereiding. Joh. 19:14, 31, 42. Sommige sê dan dat dit toe die voorbereiding van die pasga was. Daar is geen ander verwysings in die ou Testament of in enige Joodse literatuur dat daar enige verband is, tussen die slagting van die paaslam en die "voorbereiding" van die pasga. Die voorbereiding was op Vrydag die 15e Nissan, die dag toe die Here Jesus ook gekruisig was. Adam is geskape op die sesde dag en die Here het ook vir die mense op die sesde dag gesterf. Die voorbereiding van die fees van die ongesuurde brode was groot, omdat daar gedurende die sewe dae periode elke dag 10 diere geoffer word.

Die groot sabat.

Die sabat was groot omdat drie van die heilige vierdae in Lev. 23, op een dag bymekaar gekom het. Dit was: sabat; die fees van die ongesuurde brode; en die eersteling oes.

Dit is genoeg rede om die sabat so te noem. Die Jode het die dag van die eersteling oes toe verkeerd gevier, want volgens Lev. 23:10,11 moes dit die dag na die sabat wees, dus die daaropvolgende Sondag. Volgens die Joodse oudhede, die boek van Flavius Josephus, het hulle die eersteling oes gevier op die 16e Nissan die tweede dag van die fees van die ongesuurde brode. Dit was Saterdag, die tweede dag van die fees van die ongesuurde brode, toe Christus nog in die graf was. Die eersteling oes is 'n beeld van Christus se opstanding, wat ons later sal bespreek.

Is die slagting van die paaslam dan nie 'n beeld van Christus se kruisiging nie? Daar is die wat glo dat toe die paaslam geslag was, Jesus toe ook dieselfde dag gekruisig is. Ek voel eerder dat toe die Here die paasmaaltyd gevier het, die skrif toe al aan die muur was. Al die ander eersgeborenes in die wêreld is toe veroordeel. Die oordeel word toe die volgende dag met Sy kruisiging bewerkstellig. Die paaslam wat geslag word, word maarnet eenmaal na terugverwys in Hebreërs 11:28. Die slagting van die offerdiere soos dit in die Levìtikus boek uitgebeeld word, word baie na terugverwys in die Hebreërs brief. Elke dag van die fees van die ongesuurde brode word daar 10 diere geoffer, en op die eerste en laaste dag van die fees mag geen werk gedoen word nie. Die voorkeur is die eerste dag van die fees van die ongesuurde brode, omdat dan 10 diere geoffer word en geen werk gedoen mag word nie. Die 10 x 7 offers wat geslag word, getuig van die baie mense wat deur Christus se kruisiging versoen sal word. Die dag as die paaslam geslag word, mag daar wel gewerk gedoen word.

Drie dae en drie nagte

Ons het reeds gesien dat die Here gekruisig was op die 15e Nissan en opgestaan het op die 17e Nissan. Volgens ons berekening sal ons sê dat die Here een volle dag en twee nagte in die graf was, en Mat. 12:40 sê dit dat dit drie dae en nagte was. Dit is 'n teenstrydigheid as ons nie op hoogte is van die Bybelse en Joodse gebruike nie.

Die Evangelies lees wel dat Christus op die derde dag sal opstaan in Mat. 16:21; 20:19; 26:61; 27:63; Mark. 8:31; 9:31; Luk. 9:22; 18:33; 24:7, 21, 46; Joh. 2:19, 21.

In Mat. 27:62, 63 kan ons sien hoe die Jode die dae bereken het. Die Jode wou na die kruisiging van Christus vir drie dae lank die wagte by die graf gehad het, en nie vir vier dae, soos in die uitspraak van Jesus in Mat. 12:40 aflei kon word. Die uitspraak na drie dae beteken ook tot die derde dag toe. Ons kry soortgelyke voorbeelde wanneer eintlik drie dae genoem word, maar dat dit op die derde dag bewaarheid word:

2 Kron. 10: 5, 12
"Kom oor drie dae na my toe terug." vs 5
"Toe die hele volk dan op die derde dag by Rehabeam kom soos die koning gespreek en gesê het." vs 12
Rehabeam het die volk weggestuur en twee dae later het hulle weer teruggekom. Volgens die Joodse tydrekening was hulle vir drie dae weg.

Gen. 42: 17, 18
"Daarop het hy hulle saam drie dae lank in bewaring laat hou." vs 17
"En op die derde dag sê Josef vir hulle doen dit en julle sal lewe." vs 18

Jonah

Ons kan nou sekerlik nie sê dat die uitspraak van die Here in Mat. 12:40 teenstrydig is met die 14 bogenoemde verse. Ons moet nou kyk na die oorspronklike Hebreërse woorde in Jonah 1:17 waarvandaan hierdie vers vertaal word. Die woord "dag" in Jonah kom van die Hebreërs woord "yom" wat 'n bepaalde tydperiode beteken, en nie altyd 'n 24 uur periode. Yom is 'n onnoukeurige tydsbepaling. Die drie dae van Jon. 1:17 kan ook gesien word as drie tydsperiodes. Dit is 'n gedeelte van die eerste en derde dag, maar 'n volle tweede dag. Die Here was in die graf vir 'n gedeelte van Vrydag en Sondag maar vir die sabat (16e Nissan) was Hy die volle dag in die graf. Die gedeelte van 'n dag word ook as 'n volle dag gereken.
Volgens ons eie wetstelsel is hierdie manier van rekening ook nie vreemd nie. Indien 'n persoon vir drie dae tronk toe gestuur word, is die eerste dag wat hy ingaan dag een, al is dit reeds laat. Die dag as hy uitkom sal dit dag drie wees.

Om alles weer saam te vat kan ons sê dat die volgende gebeure om die tyd van Christus se kruisiging en opstanding plaasgevind het.

14e Nissan
Op hierdie datum word die paaslam geslag en die Here was toe ook saam met Sy dissipels met die nagmaal. Met die nagmaal soos ons dit vandag ken, ontbreek die paaslam en net die brood en beker met wyn bly oor. Die brood en wyn getuig van die nuwe verbond en Christus het homself toe die volgende dag oorgegee om 'n eind te maak aan die slawerny, wat kenmerkend is van die ou verbond en die wet.

15e Nissan
Op die dag het Abraham na die beloofde land Kanaan vertrek. Ex. 12:40, 41.
Presies 430 jaar later het Israel vanuit Egipte vertrek na die beloofde land.
Op dieselfde dag het die Here gesterf, op weg na die "beloofde land," 'n nuwe skepping.

17e Nissan
Op die dag het Noag die groot vloed oorleef, en hy het sy voete weer op die sewende maand, op droeë grond gesit. Gen. 8:4 (Die maand Nissan was toe die sewende maand, maar met die instelling van die pasga word dit toe die eerste maand.)
Op die dag het Israel ook deur die Rooi

see getrek, wat 'n uitbeelding van Israel se dood en opstanding is. Toe hulle aan die anderkant van die see gekom het, het 'n nuwe bedeling vir hulle begin. Van die Egiptenare en slaverny het hulle toe finaal van ontslae geraak.
Op die dag en dieselfde jaar toe Christus uit die dode uit opgestaan het, moes Israel die eersteling vrug voor die Here beweeg het. Dit beeld Sy opstanding uit. (Israel het die fees op die 16e Nissan gevier, wat verkeerd is volgens die boek Levitikus.)
Christus het op die dag uit die dode uit opgestaan, om 'n nuwe verbond, 'n nuwe skepping en 'n nuwe bedeling te kan begin.

Die betekenis van die laaste pasga

Die bloed van die laaste paaslam wat geslag is, is die bloed van die ou verbond wat op die aarde uitgestort is. Die Here het gesê dat die nagmaal die voortsetting van die pasga sal wees, maar wat ontbreek is die paaslam. Die paaslam is nie meer nodig nie want dit praat oor ou dinge. Dit wat wel oorbly van die pasga is die brood en wyn.
Die brood het Hy gebreek omdat Hy dit aan Sy dissipels moes gee. Die gedagte is dat die brood een is en dit moet gebreek word om aan die dissipels uitgegee te word. Die liggaam van Christus was ook nie gebreek soos ons vroeër in hierdie skrywe gesien het. Paulus wei meer daarop uit. In 1Kor. 10:16, 17 het Paulus tot die verstandiges gepraat en gesê dat hulle moet oordeel. Sy afleiding in vers 17 is dat die brood een is, want die liggaam van Christus is ook een. Die klemtoon is dat die brood een geheel is. In 1Kor. 11:24 sê Paulus volgens die ou vertaling van die Bybel dat die brood gebreek word omdat Christus se liggaam vir hulle gebreek was. Volgens die nuwe vertaling word dit anders vertaal. "Dit is My liggaam; dit is vir julle." Hier praat dit nie oor die liggaam van Christus wat gebreek is nie, wat volgens my die korekte vertaling is. Die liggaam moet gesien word as die liggaam van die nuwe verbond, wat die eenheid van die gelowiges in die nuwe Testament voorstel. Dit is nie die liggaam van Christus wat aan die kruis gesterwe het nie.

Die wyn praat oor die bloed van die nuwe Testament. Vir my getuig bloed van lewe, soos ons dit later sal sien. Waar die woord bloed ookal in die nuwe Testament voorkom kan ons die woord lewe daarvoor invul. Die bloed is die lewe van die Christus onder die nuwe verbond. Christus is die ware wynstok. Die nagmaal is nie 'n blik na die verlede nie, maar eerder na die Lewe onder die nuwe verbond waarvan die bloed en wyn getuig. Die paaslam praat oor die bloed van die ou verbond, en dit is weggedoen.

In Mat. 26:26-30, Mark. 14:22-26 en Luk. 22:14-23 kan ons lees dat die wyn 'n tipe is van Christus se lewe onder die nuwe verbond is, en net so is die brood 'n uitbeelding van Christus se eie liggaam. Dit alles praat oor dinge wat tot stand gekom het na Christus se opstanding uit die dode uit.

Die Fees van ongesuurde brode

Ex. 12:14a praat nog van die pasga, maar vers 14b begin met die fees van die ongesuurde brode.

Hier lees ons dat die fees van die ongesuurde brode 'n ewige insetting moet wees. Die woord ewig is afgelei van die Hebreërse woord "owlam" wat 'n lang periode beteken. Dit is beperk tot die bedeling van die wet waaronder Israel as volk geleef het. Daardie tydperk het nou al verval.

Hierdie fees word gekenmerk omdat daar net ongesuurde brode geeet mag word. Sommige mag vra of dit genoeg rede vir die fees is? Die rede vir blydskap is dat die suurdeeg vir altyd weggedoen is.

Dit is die eerste fees wat sewe dae lank duur. Sewe beteken dat daar iets definitief tot stand gekom het. 'n Voorbeeld is die sewe dae van die herskepping van die wêreld. In die sewe dae het die skepping soos ons dit ken tot stand gekom. In die sewe dae van die fees van die ongesuurde brode het daar ook iets definitief tot stand gekom. Die nuwe skepping het toe in Christus begin.

Al God se werk eindig met rus.

Daar is drie groepe van rus:

In Ex. 23:14 word daar drie feeste genoem en in hulle almal word 'n rusdag ingesluit omdat daar iets definitief tot stand gebring is:

Pasga: eerste koms van Christus.

Sewe weke fees: Gemeente het tot stand gekom.

Fees van die basuin: Groot versoendag en loofhutte fees; 2e Koms van Christus.

Deur die kruisiging en opstanding van Christus is die ou skepping vir eens en vir altyd vervloek. Dit is weggedoen, en Satan is ook vervloek.

"En die skuldbrief teen ons..... aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daar oor hulle getriomfeer het." Kol. 2:14, 15

Die suurdeeg wat oorgebly het van die vorige dag, wat die ganse mensdom besoedel het, is vir eens en vir altyd weggedoen. Die nuwe skepping wat in Christus begin het, is totaal vry van enige suurdeeg.

Suurdeeg word veral gebruik in brood en kaas om die proses van oksidasie te bevorder. Iets van die vorige dag word binne die nuwe baksel gebêre. Adam is geskape uit die stof van hierdie vorige gevalle aarde. Toe hy gesondig het, is bewys dat van die vorige suurdeeg in sy ligggaam ingewerk het. Adam is toe dadelik vertel van Christus wat die slang se kop sou vermolsel en hy sal 'n eind maak aan die suurdeeg wat in ons menslike liggame ingewerk het. Uit die ou skepping kan daar niks goeds te voorskyn kom nie. Christus het 'n einde gemaak aan die probleme wat ons vanaf Adam se tyd aangestaar het.

Die suurdeeg word ook vergelyk met die Skrifgeleerdes, wat geleef het in die tyd van die Here, toe Hy nog op

aarde was. Hulle bring niks te voorskyn wat lewe kan uitbeeld. Die wette van Moses is dood vir hulle, omdat hulle nie vir Christus daarin wil raaksien nie. Christus wat in die wette van Moses gesien kan word, sal van die suurdeeg ontslae raak. Die Skrifgeleerdes het net die suurdeeg nog dikker gemaak, deur die las van die wet nog meer op hulle skouers neer te lê. Lees onder andere Mat. 16:6, 11, 12; Mark. 8:15.

In Mat. 13:33 word suurdeeg in 3 mate meel weggesteek. Die suurdeeg het dan die gehele nuwe baksel bederf. Die nuwe skepping (nuwe baksel) het niks te doen met die ou skepping (suurdeeeg) nie.
In Gal. 5:9 word die suurdeeg vergelyk met die juk van diensbaarheid. Dit is die wette van Moses. As ons onsself as Christene, weer aan die wette van Moses wil onderwerp, dan is ons vervloek. Gal. 3:13

In 1Kor. 5:6-8 word dit vergelyk met die ou mens. Die suurdeeg is die erflike belasting wat ons van ons voorvaders af oorgeerf het. Die sondige natuur werk in ons wese in soos suurdeeg binne in die baksel. Net om deel te wees van 'n gehele nuwe skepping kan ons daarvan verlos word. Die gevalle wêreld waarin ons nou lewe is ook deurweek met die suurdeeg. Alles wat ons nou met ons oë raaksien is verganklik. Nadat Christus gekruisiging is, is die wêreld as dood voor God verklaar. God wil niks meer te doen hê met die suurdeeg, maar hou Hom uitsluitlik besig met die nuwe natuur. Die ou lewe word weggedoen maar ons erdekruike, wat nog deel is van ons ou natuur, word gebruik om die nuwe skat of nuwe skepping te huisves. 2Kor. 4:7 Die uiteindelike plan van God se herskepping van 'n vorige gevalle wêreld word dan gerealiseer. Uit die oue sal iets nuuts te voorskyn kom. Die nuwe skat is Christus binnein "erdekruike". Dit kan gebruik word om vrug vir die ewigheid te dra, en God word dan hierdeur verheerlik.

Gedurende die fees mag daar ook nie heuning by die fees wees nie. Die heuning beeld uit wat God self aan ons gegee het. Die Woord van God is so soet soos heuning. Ps. 119:103
Die heuning is die resultaat van God se Woord, en dit mag nie vernietig word nie.

Die fees van die ongesuurde brode begin en eindig met 'n heilige sameroeping, 'n dag van rus. Dit val nie noodwendig op 'n Saterdag nie. Elkeen die saam met Christus gesterf het, sal die rus ingaan. Heb. 4

Ingesluitend in hierdie fees is die eerstelinggerf (oes) wat aan die Here gebring moet word. Hierdie offer getuig uitsluitlik oor Christus se opstanding. Ek gee die volgende redes. Lev. 23:10 - 14

Die eerstevrugte word van die landgepluk, nog voor die vrugte rêrig geoes kan word. Dit is die heel eerste vrugte wat van die land gepluk word. Die eerstevrugte praat van Christus wat na Sy

opstanding uit die dode uit, die Eersteling van die nuwe skepping is. [Kol. 1:15, 18; 1Kor. 15:20, 23] Dit moes ingesamel word om spesiaal aan die Here gewei te word. Die eerstevrugte wat aan die Here gewei word, word dan vrugbaar gemaak. Die wêreld is tans swanger en is in afwagting vir die bekendmaking van die Seun van die mense. [Rom. 8:18] Die vloek wat nou op hierdie skepping rus, sal weggedoen word, en die wêreld sal dan weer oplewer soos dit veronderstel was. Die eerstevrugte wat aan die Here gewei word getuig ook van so 'n verandering. Die skepping sal weer vrugbaar gemaak word. Vers 11 sê dat dit beweeg word, omdat lewe (opstanding van Christus) daardeur uitgebeeld word.

Die dag na die sabat was ook die tyd van Christus se opstanding uit die dode uit. Gedurende die tyd van hierdie fees moet daar 'n sabat ingesluit wees, omdat dit sewe dae lank duur. Die dag na die sabat sal die spesiale offer gebring word. Die opstanding van Christus behoor by Sy eerste koms en die eerste groep van feeste. Daar word dan 'n begin gemaak aan 'n nuwe skepping.

Die bestandele van die die spysoffer bestaan uit fynmeel, olie en wyn. Al hierdie drie bestandele kom te voorskyn na 'n proses van leiding of oordeel soos met Christus se kruisiging. Die fynmeel kom van die graan, die olie van olywe en die wyn van druiwe. Dit word gepers. As gevolg van Christus se leiding hier op aarde, kom hierdie vrugte te voorskyn.

Sewe weke fees

Hierdie fees maak deel uit van Israel se tweedegroep van die feeste, as hulle na Jerusalem toe moet saamtrek. Die kerke van vandag ken dit as die pinkster fees. Die fees word in die volgende Skrifgedeeltes bespreek.

Ex. 23:16 Hier word dit as die fees van die oes gesien.
Ex. 34:22 Hier word dit as die fees van die weke gesien, omdat daar in weke getel word. Dit word ook beskryf as die fees van die eersteling van die koring oes, of as die fees van die insameling, as die jaar verby is.
Lev. 23:15-22: Nuwe spysoffer. Dit verskil aan die spysoffer soos dit in Lev. 2 uiteengesit is, omdat hier suurdeeg teenwoordig is.
Deut. 16:9-11 Die fees van die weke.
Israel moes 7 weke tel vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan is. [Lev. 23:15] Die fees is gebaseer op die opstanding van Christus (die eerste vrugte) en wat daarna tot stand gekom het. Dit gaan oor die gemeente van Christus.
Hierdie fees is daar as gevolg van die vervulling van die sewe. Na die 7 x 7 kry ons die getal 50. Hierdie getal het dieselfde betekenis as die getal 8 omdat daar verby die ou skepping (7) gekyk word na die nuwe. Die gemeente in Christus is die eerstelinge omdat hulle eerste deel uitmaak van Sy Koninkryk.
Die jubeljaar (elke 50e jaar) verwys ook na iets nuuts. Josua die seun van Nun (=50) het die Israeliete in Kanaan ingelei.

Hierdie dag is weereens op Sondag, die eerste dag van die week. In die Nuwe Testament het die bou van die gemeente op pinkster dag begin, toe Petrus die volk toegespreek het. Dit was presies 50 dae na Christus se opstanding, en 10 dae na Sy hemelvaart. Die woord pinkster beteken 50.
Vanaf Israel se verlossing vanuit Egipte (pasga) tot die koms van die wet was ook 50 dae. (Volgens Ex. 19 was Israel in Sinai die 1e van die derde maand en moes toe vir die derde dag wag. Die 3e van die derde maand is die wet aan hulle gegee.)
Die weke fees kon hulle nie in die woestyn gevier het nie, omdat hulle in die woestyn was en daar geen oes kon gewees het nie. Ek voel dat die weke fees nie oor die koms van die wet was nie, (soos die Jode vandag beweer) maar eerder die bekendmaking van die liggaam van Christus.

Die eersteling brode wat aan die Here geoffer word is 'n nuwe spysoffer. Dit is 'n nuwe offer. Lees Lev. 2. Die spysoffer was onbloedig en is gebaseer op die skuld offer en die sondoffer. Verder was dit gedeeltelik verbrand en gedeeltelik ook vir die priesters bestem.

Dit moes gebring word aan die seuns van Aaron. Die klem word gelê op die tweede generasie en nie die eerste. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel. Hebr. 10:9 Die tweede generasie het ook die eersgeboorte reg. Jacob wat na Esau gebore is, het die eersgeboorte reg ontvang.

Hierdie brode was gesuurd, en daarom is dit 'n nuwe spysoffer. Dit verskil dan van die een wat in Lev. 2 genoem word, waar ongesuurde brode wel gebruik word. Die suurdeeg praat nog van die ou skepping waarmee ons nog daagliks te doen het. Die Gemeente is alreedes deel van die nuwe verbond, maar word nog steeds beperk deur die ou natuur, waarvan ons eers verlos sal word na die wegraping van die gelowiges.
Die suurdeeg is al reeds uitgewerk in die gebakte brood wat aan die Here gewy word. God sien die sonde wat ons doen nie raak nie. Vergelyk Rom. 6:11 waar Paulus sê dat ons nie meer met ons sondige natuur moet reken nie. Ons is dood vir die sonde, maar lewend vir Christus.
Dit is beweegbrode omdat dit lewe.
Die brood word gemaak deur 'n proses van leiding. Die vrug is die opgewekte Christus, wat die proses van leiding en sterwe deurstaan het.
Die twee brode en die 2/10e meelblom wys op die dubbelheid van die gemeente wat uit Jode en heidene bestaan. 1 Kor. 12:13 Die 2/10 is ook 'n 1/5. Die gemeente is deel van die 5e bedeling. Die baksel word as eerstelinge aan die Here gewei. Ons as gemeente in Christus word as eerstelinge gesien. Rom. 8:23 en Hebr. 12:23

Die spysoffer van die eersteling brode gaan gepaard met die: Lev. 23:18-22
Brand offer: 7 jaaroud lammers, een jong bul en 2 ramme;
Sond offer: 1 bokram;
Dank offer: 2 jaaroud lammers.

In die reeks van offers soos dit uiteengesit is vanaf van Lev. 1 tot 5, is daar 5 offers:
1. Brandoffer wat vrywillig is. Dit is die hoogste offer en sluit die gehele persoon in. Dit kan ook as 'n vuur offer gesien word. Deur die vuur word die vleeslike mens omgesit in rook (gees) wat vir God 'n goeie reuk is.
2. Spysoffer is vrywillig en dit gaan oor die nuwe lewe wat ons in Christus ontvang het. Deur die offer stel ons ons eie liggaam tot beskikking vir die Here. In die ou en nuwe Testament word dit ook vergelyk met die drank offer. Die twee brode is die spysoffer.
3. Dank offer wat ook 'n vrywillige offer is. Dit getuig van die nuwe natuur en kan ook as die vrede offer vertaal word. In die King James version word dit as die "peace offering" vertaal. Die 2 lammers is die dank offer of vrede offer. Christus is onse vrede. Ef. 2:14
4. Sondoffer is verpligtend omdat ons daaglikse wandel daardeur gereinig word. Die Here reinig ons van hierdie besmetlike wêreld. Dit is Sy Hoëpriesterlike taak in die hemel.
5. Skuld offer is ook verpligtend want ons ou natuur word permanent daardeur gereinig. Dit is ons erflike belasting wat ons van Adam af oorgeerf het.
Die skuld offer word nie verbind met die eersteling brode nie.

In Lev. 23:20 beweeg die priester, die eerstelinge brood en die twee lammers saam. Die beweging druk lewe uit, want die eersteling brood en die 2 lammers word daardeur lewend gemaak. Christus het ons in die binneste heiligdom ingelei, Hebr. 10:19 want ons het saam met Christus gesterf en opgestaan vanuit die dode uit. Ons is in die hande van die Hoëpriester naamlik Christus en ons leef ondank die suurdeeg of sonde binne in ons eie liggame.

Hierdie heilige vierdag is 'n ewige insetting, want die gemeente in Christus sal in alle ewigheid bestaan. Lev.23:21

Die grense van die lande mag nie geoes word nie, want dit moet bly vir die gelowiges wat die gemeente in die toekoms sal opvolg. Lev. 23:22 Dit sal geoes word na die wegraping van die gemeente. Dit is die gelowige Israeliete en volkere wat tydens die groot verdrukking, tot geloof in Christus gekom het. Lev. 19:9-10 en Deut. 24:19-21
Rut wat 'n Moabietiese vrou was, het besluit om saam met haar skoonma Israel toe te kom. Sy het aangekom tydens die gars-oes, en het agter die snyers aangeloop om are op te tel. Die deel van die oes was nie ingesamel nie. Sy is toe uiteindelik geseën, en het toe later met Boas getrou. Sy is 'n tipe van die die gelowige Israeliete, of ander volkere van die wêreld, wat later wel tot bekering sal kom.

Die fees van die geklank van basuine

Ons het nou te maak met 'n derde reeks van feeste wat direk te doen het met die wederkoms van Christus. Ons het van die fees van die weke, gesien dat aan die grense van die lande nie geoes mag word nie. Dit bewys dat die

verhaal nog nie klaar is nie, en dat daar nog iets moet volg.
Met die wederkoms van Christus kan die feeste van die 7e maand in 3 groepe verdeel word. Die groepe is as volg:
1. Die gemeente,
2. Israel,
3. en die orige volkere van die wêreld.

Die eerste van die derde groep van feeste gaan oor die gemeente. Dit is die fees van die basuingeklank.
Hierdie fees word alleenlik genoem in Lev. 23:23-25 en Num. 29:1-6.
Die tyd wanneer dit gevier moet word is die eerste van die 7e maand wat saamval met Israel se nuwejaar. Hierdie fees val profeties saam met die opname van die gelowiges, dus nog voor die begin van Daniel se 70e week. Dit is is die eerste op God se kalender.

Die eerste van die 7e maand kom ook voor in die geskiedenis van Noag. Ons moet onthou om die ses maande terug te werk van Ex.12:2.

1. Op die eerste dag van die eerste maand word die deksel van van Noag se ark gelig. Gen. 8:13 Die hemel word dan vir Noag geopen, wat 'n uitbeelding is van die opname van die gemeente. Die gemeente word teenwoordig gesien as 'n skip wat bo die waters van die volkere dryf.
Die see beeld altyd die nasies uit soos in Jes. 17:12-13: "Wee die gebruis van baie volke - soos die gebruis van die see, so bruis hulle! En die gedruis van nasies - soos die gedruis van geweldige waters, so maak hulle gedruis!"
Nasies maak gedruis van baie waters!
Die venster omhoog wat na die hemel uitkyk, is 'n beeld van die verborgenheid, die huishouding waaraan ons nou behoort. Op die dag sal die venster vir ons oopgemaak word.

2. Op die eerste van die 7e maand het Israel by die waterpoort gesit om die lewende Woord van God te hoor. Hulle was as een man bymekaar. Neh. 8:1-7
Ons as gemeente is ook deel van een Liggaam in Christus. Die water (waterpoort) beeld ook uit die Woord van God en is moontlik ook terugwysend na Noag. Esra het hulle uit die ballingskap (volkere see) geroep na die Woord van God.
Die geskiedenis word ook in Esra 3:1 breedvoerig bespreek, waar die klem gelê word dat Israel as een man saam die Here gedien het. Dit het 'n tipologiese betekenis. Die woord van Esra het te maak met redding en versameling.

Hierdie dag is ook 'n rusdag, 'n dag om aan die Here te dink.

Die dag sal daar 'n geklank wees. Die woord "geklank" kom 33 keer in die ou Testament voor, en word afgelei van die Hebreërse woord "truah." Dit word as volg vertaal om maarnet 'n paar voorbeelde te noem.
Num. 10:5, 6 en 31:6 as "alarm"; Joz. 6:20; 1Sam. 4:6 en Jer. 20:16 as "krygsgeskreeu"; Esra 3:11,13 as "groot gejuig".
Die woord beteken 'n groot geskreeu.

Dit sal ook so wees met die wegraping van die gelowiges, as die basuin sal weerklink. 1Kor. 15:52 Die gelowiges in Christus sal die basuin hoor, maar nie die ongelowiges wat salig onbewus van die alarm sal wees.
Die groot geraas tydens die fees van die geklank word moontlik veroorsaak deur die trompette, basuine en die geraas van die volk as geheel.

In Númeri 10 word vir die volk Israel vertel om twee silver trompette te maak. vs 10 Dit moet gebruik word tydens hulle feeste in die begin van die maand. Die trompette word gebruik om 'n boodskap aan die volk uit te stuur, met die doel om hulle te versamel vir die feeste. Die silver waarvan die trompette gemaak word praat van versoening. Die tyd van Israel was daar silver muntstukke. Die wat die versoenende boodskap van Christus aanvaar, luister na die geklank van die trompette.
Die blaas van die trompette kom taamlik algemeen voor in die ou Testament. Dit word gebruik om die volk op te roep vir feeste, oorlog of die bekendmaking van 'n nuwe koning.
Die basuin sal ook weerklink. Die basuin kom van die horing van 'n ram wat alreeds geslag is. Die stem van die geslagte ram leef voort in die geklank van die ramshoring wat geblaas word. Christus sal die gemeente weer versamel met die geklank van die basuin. 1Kor. 15:52; 1Thes. 4:16

Die stem van die Koning (Christus Jesus) sal die gemeente versamel met die basuingeklank.

Die wederkoms van Christus word ook uitgebeeld in toe Gideon die Mideaniete verslaan het. Met die blaas van die ramshoring, wat 'n basuin geklank was, het die kruike gebreek, en die lig binnein die kruike word dan geopenbaar, wat eers verborge was. Daarna was daar 'n groot verdrukking onder die volkere. Die kruik beeld uit ons aardse liggame waarvan ons met die wegraping ontslae sal raak, dit sal breek, en die lig ons verbintenis met Christus. Richt. 7

Die basuin sal na die wegraping van die gemeente weer klink, as Israel tot geloof gekom het, en later weer as die ander volkere tot geloof gekom het. In Jes. 27:13 word die volk Israel versamel as hulle tot bekering kom. Hulle sal oor die gehele wêreld versamel word. "En in die dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land van Assur en die wat verdryf is in Egipteland."
Die nasies (volkere) van die wêreld sal ook versamel word aan die einde van die groot verdrukking as die koningkryke van die wêreld aan Christus onderwerp sal wees. Dit is die laaste basuin (sewende basuin) in Op. 11:15. "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword."

Die ramshoring word ook gebruik om iemand met olie tot koning te salf, soos in die geval van David in 1Sam. 16.

In Num. 29:1-6 word die fees van geklank ook genoem. Hier word 'n brandoffer en 'n spysoffer aan die Here gewei. Dit vuur sit die sienlike (vleeslike) oor na die onsienlike (geestelike) wat 'n lieflike reuk vir die Here is. Die suurdeeg sal dan verbrand word.

Grote Versoendag - Yom Kippoer

Onder die Jode van vandag is dit die belangrikste vierdag in die ou Testament. Ongetwyfeld is dit ook die tema van die Hebreërs boek. Op die dag het die Here vir ons in die binneste heiligdom (hemel) ingegaan, as die Hoëpriester na die orde van Melgisedek. Hy is nog steeds daar en sal eers uitkom met Sy wederkoms. Hierdie spesifieke dag was veral heilig vir die Jode, want die hoëpriester het vir hulle versoening gedoen in die heiligste der Heiligste. Die hoëpriester het dan sy kleurryke klere verruil vir wit linne klere, en het die Heiligste dan binne gegaan. Dit kon net op hierdie dag gebeur het. (Die linne klere getuig van wedergeboorte. Die katoen waarvan die linne gemaak word, gaan deur verskeie prosesse om gesuiwer te word. Die suiwering gebeur deur "leiding." Van die katoen pit is olie ook 'n byproduk). Op dieselfde dag het die hoëpriester weer uitgekom, tot groot verligting van die volk Israel. Hulle sondes is dan bedek.

Netso het Christus vir ons ingegaan, en gaan sit aan die regterhand van God in die hemel, om vir ons daar versoening te doen. Psalm 110:1; Dit is die mees aangehaalde vers van die ou Testament) Hierdie Grote Versoendag word vir ons uitgerek, want ons is nog steeds saam met Christus binnein die Heiligdom. Hy is besig om vir ons versoening te doen. Dit is die hooftema van die boek Hebreërs.
Die Grote Versoendag word aangehaal in Lev. 16:1-34; 23:27-32 en Num. 29:7-11.

Die Grote Versoendag is op die 10e van die 7e maand. Dit is die tyd wanneer God homself sal bekendmaak aan die volk Israel. Presies 6 maande vroeër was Israel ook aan Christus (lam) bekend gemaak, maar in 'n vernederde posisie. Op die 10e Nissan voor pasga word 'n lam in hulle huise ingeneem. Hulle het Hom toe in Sy vernederde posisie verag.

Die Grote Versoendag het vir die Israeliete begin, die aand van die vorige dag. [Lev. 23:32] Dit was tevore aan ons bekend dat die Grote Versoendag en die sabat altyd die dag voor die vierdag begin het. Die sabat en die Grote Versoendag het een ding in die gemeen. Hierdie dae beeld uit die tyd wanneer Israel die Koninkryk sal binnegaan. In die 1000 jaar van vrede mag geen werk gedoen word nie.
Die vorige aand gaan Israel die Koninkryk al binne, nog voor die res van die ander volkere. Die volkere moet die nag van die groot verdrukking deurmaak. Die dag van verlossing sal eers vir hulle aanbreek, die oggend van die sewende dag. Hier word groot klem gelê op die wat tydens die Ko-

ninkryk werk, gedood sal word. Tydens die 1000 jaar van vrede verwag God geen werk van ons nie. Christus het alles gedoen wat moontlik was.
In vers 27 sê dit dat Israel hulself voor die Here verootmoedig. Dit was 'n hardnekkige volk, soos ook gesê kan word van baie ander volkere.

Aan die eind van die groot verdrukking van Israel, sal al die ongelowiges onder Israel gedood word. Hulle is die wat deur hulle ongeloof, hulself nie wil verootmoedig nie, en ook nie wil vertrou op Christus se werk. Hulle sal saam met die staat Israel verwoes word.

Die wat wel die die naam van die Here sal aanroep met die verwoesting van Jerusalem, Zach. 12-14 sal gered word en die Olyfberg sal middeldeur geskeur word. Vir hulle sal daar 'n vlugweg na Petra toe wees. Die Here het gereageer omdat hulle die naam van Jehovah aangeroep het. Eers as hulle in Petra is sal hulle bekeer word, soos met Thomas wat eers die wonde van Christus wou betas. Daar sal hulle vra vanwaar die wonde in Sy hande en sy. Met die besef dat hulle die Here Jehovah gekruisig het, sal daar 'n groot geween volg. Daar is 'n tydsperiode tussen Israel se geloof met die aanroep van die naam Jehovah, tot hulle bekering in Petra. Die Here Jesus Christus sal Homself aan Israel openbaar as Hy op Grote Versoendag uit die heiligdom kom. Dan sal Hy Sy volk seën en die 144 000 verseeldes gebruik om die Woord van God oor die gehele wêreld te versprei. In die verlede as die hoëpriester uit die Heilige der heilige uitgekom het, was daar 'n groot gejuig onder die volk Israel. Netso sal dit wees as Christus hulle sal seën.

In Num. 29:7-11 moet Israel tot die Here offers bring. Hier is sprake van 'n brand offer, spysoffer en sondoffer wat aan die Here gewei word. Israel sal hulself aan die Here gee. Rom. 12:1-2 sê dat ons self verantwoordelik is om ons eie liggame aan God tot offer, of beskikbaar te stel. Hierdie opoffering kan alleenlik gebeur as ons ons eie gedagtes aan die Woord van God wil oorgee. Dit is 'n voorbeeld van 'n onbloedige spysoffer. Die vuur van die brandoffer en die sondoffer getuig dat geheel Israel deur die toorn van God verwoes sal word, en wat sal oorbly is die gelowiges wat 'n lieflike geur tot die Here sal sal wees. Num. 29:8

In Lev. 16 kry ons 'n spesiale ritueel omtrent die twee bokke, wat hier baie uitgebreid beskryf word. Een van die twee bokke word geoffer en die ander word in die woestyn losgelaat. Die bloed van die een bok wat aan die Here gewei is, word op die versoendeksel besprinkel. Die tweede bok sal lewe ten koste van die eerste bok. Vir baie is die betekenis van die meeste offers onbekend. Vir sommige is die paaslam bekend sowel as die twee bokke op Grote Versoendag omdat dit in die nuwe Testament bespreek word. Hulle weet dat die bloed van die bok die bloed van Christus

uitbeeld. Die dood van Christus kan dan maklik afgelei word. Dit is waar die meeste stil bly staan. Die verhaal gaan nog verder. Die offers praat nie oor die dood alleen, maar ook oor die opstanding.

'n Voorbeeld is die doop. Die essensie van die doop is nie om onder die water te bly nie, maar om weer daaruit op te kom. Die persoon kan nie onder die water bly nie. Toe die Here gedoop was, het Hy onmiddelik weer uit die water uit opgestaan. Mat. 3:16 Die nadruk lê op die opstanding. Die wêreld gaan onder die water maar ons word daaruit verlos.
Die nadruk op Christus se dood lê ook by die opstanding. Die bloed van die eerste bok word oorgedra na die tweede bok. Ons kan ook sê dat die lewe (bloed) van die eerste bok oorgedra word na die tweede bok. Ons het die betekenis van bloed reeds met die nagmaal fees bespreek. Ons moet onsself nie vasstaar op die dood van die die eerste bok, maar die lewe wat daarop volg. Die laaste bok word die woestyn ingestuur omdat dit leef.

Die bok wat die woestyn ingestuur word is 'n beeld van die gemeente van vandag. 1Kor. 10 sê dat die tyd toe Israel in die woestyn was, 'n beeld is van die gemeente van vandag. Ons hoort nie tuis in hierdie wêreld, omdat ons ons ou lewe verruil het vir 'n nuwe. Christus is verwerp en is tans buite die maatskappy van vandag.
"Daarom het Jesus ook, om die volk deur Sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en Sy smaad dra. Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige." Heb. 13:12-14
Ons staan buite die wêreld, en ons burgerskap is nou in die hemel. Op Grote Versoendag het ons saam met Christus daarbinne gegaan.

Die bloed van die eerste bok was opgevang, en word toe in die binneste heiligdom ingeneem. Die bloed (lewe van Christus) het die binneste heiligdom binnegegaan toe die voorhangsel van die tempel geskeur was. Die lewe van die bok die gedood was, sit nou op die troon van genade. Die 2e bok kan bly lewe ten koste van die lewe van die eerste bok.

Wat die eerste bok deurgemaak het, het Christus ook deurgemaak. Die bloed wat gestort was het lewendig geword met Christus se opstanding uit die dode uit. Die bloed is nog steeds op die versoendeksel. Die tweede bok kan bly lewe. Dieselfde was ook in die geskiedenis van Jacob, wat gedink het dat sy seun Josef dood was. Tot sy latere ontnugtering het hy toe uitgevind dat sy seun Josef nog leef. Josef het ook later gesorg dat hulle kan bly lewe. Die hele verhaal van die bokke is oor die opstanding, en nie oor die dood nie.

Die woord vir die "weggestuurde bok" word vertaal van die een Hebreërse woord "Azazel". Die betekenis van die woord is onduidelik omdat dit net hier

voorkom. Die Engelse vertaal dit as "scapegoat." Daar is meer voorbeelde van sulke woorde wat net eenmalig in die Bybel voorkom, soos die woord "wonderboom" in Jona 4. Daarom is dit dan nie moontlik om enige betekenis aan so 'n woord te heg nie. Uit hierdie hoofstuk kan ons aflei dat die woord Azazel (Asasel) beteken om iemand weg te stuur die woestyn in.

Die woord kan moontlik ook afgelei word van die woord Azal (Asal). Die pleknaam kom alleenlik voor in Zach. 14:5, in 'n merkwaardige tyd van Israel se geskiedenis. Dit is die tyd as Israel die naam van Jehovah sal aanroep en die Olyfberg sal dan middeldeur skeur, sodat die gelowige Israeliete uit die stad Jerusalem kan vlug. Hulle sal dan ook die woestyn kan ingaan by Azal, om die Here te ontmoet op Grote Versoendag. Die Jode was tevore vasgevang in Jerusalem vir 3 1/2 jaar. Die pleknaam sal ons nooit kan vind op enige kaart, omdat die plek totaal onbekend is. Hier sal hulle besef wie vir hulle op Grote Versoendag, in die Heiligste der Heiligste ingegaan het. Die Hoëpriester sal Homself dan aan Israel openbaar.

Ons kan ook sê dat die weggestuurde bok (Azazel) ook Christus kan wees, en Hy sal Israel by Azel in die woestyn ontmoet.
Daar is is 'n parallel tussen die twee voëls van Lev. 14:49-57 en die 2 bokke. Die een voël word geoffer, en die ander losgelaat ten koste van die een wat gedood is.

Loof huttefees

Lev. 23:34-44. Hierdie fees is deel van die derde groep van feeste, en ook die laaste van die groep, omdat dit hoofsaaklik oor die orige volkere van die wêreld gaan. Hierdie fees is gebaseer op die Grote Versoendag, en sal dit opvolg as die wêreld aan Christus onderworpe is. Daar is 70 volkere wat oor die gehele aarde verspreid is, en elkeen sal na sy eie tuiste gaan. Teenwoordig is daar baie wetgewing in die Bybel wat nog toegepas moet word. Die wette van die ou Testament sal gedurende die 1000 jaar periode weer van toepassing wees, en moontlik ook later in die nuwe skepping.

Die beplanning wat God gemaak het omtrent die wêreld waarin ons nou leef, sal dan meewerk met Sy planne. God gebruik dan hierdie ou wêreld om die nuwe skepping tot stand te bring. Ons as deel van die ou skepping het ook deel geword van God se plan. Die ou erdekruike van ons word deur God gebruik, sodat Sy planne daarmee bewerkstellig kan word. Gedurende die 1000 jaar sal God die ou wêreld gebruik, om Sy planne dan finaal te bewaarheid.

Die loof huttefees het te maak met Christus se Koninkryk oor die gehele aarde. Dit sal begin eers na Israel tot geloof gekom het, tot die bekering van die orige volkere, 33 jaar later. Volgens Mat. 24 en 25 sal die een bly om in die 1000 jaar in te gaan, en die ander sal verwyder word om deel van die doderyk te wees.

Hierdie fees kom ooreen met die die fees van die ongesuurde brode. Daar is presies 6 maande verskil tussen die twee feeste. In albei feeste is daar 'n agste dag ingesluit. Die agste dag is 'n uitbeelding van die nuwe skepping. Die plan van God wat Hy in die 7 dae bewerkstellig het, sal dan ook bewaarheid word in die agste dag. Dan sal alles deel uitmaak van 'n volkome nuwe skepping. Abraham en die ander gelowiges van die ou Testament, sal nie deel wees van die eerste 7 dae van die loof huttefees nie, maar wel van die agste dag, as die nuwe skepping binnegegaan word. In die nuwe hemel en aarde sal die beplanning van God dieselfde wees, maar dan sal alles deel wees van die nuwe skepping. Die verdeling en onderskeid tussen die volkere soos ons dit vandag ken, mag dan later ook op die nuwe aarde teenwoordig wees. Die agste dag van die fees is 'n voortsetting van die vorige sewe dae.

Die huttefees word afgelei van die Hebreërse woord "soekkah" wat weer afgelei word van "soch." Die woord beteken hut of skuilplek. In Psalm 10:9 en 27:5 word dit vertaal as skuilplek; en as hutte in 2 Samuel 11:11; 22:12; en as skerm om skadu te gee in Jona 4:5.
In Sag. 14:16, 18 en 19 word daar duidelik gesê dat die huttefees weer in die 1000 jaar van vrede gevier sal word. Dieselfde kan ook afgelei word van Eségiël 45:25 as die nuwe tempel bespreek word.
As ons die geskiedenis van Israel in die ou Testament volg, kan ons aflei dat hulle drie keer die loof huttefees gevier het. Dit was tydens die inwyding van die tempel, in koning Salomo se dae, die lewe van Esra en laastens toe Nehemia geleef het . Salomo se koninkryk is 'n beeld van die 1000 jaar van vrede, en die tyd van Esra en Nehemia die tyd toe Israel uit die Babilloniese ballingskap teruggekeer het. As Israel weer uit die ballingskap van die volkere terugkeer, sal die 1000 jaar van vrede begin, en dan sal hulle die loof huttefees jaarliks vier. Die jubeljare soos dit opgeskryf staan in Lev. 25 en 27, was nog nooit volgens die ou Testament gevier nie. Gedurende die 1000 jaar sal dit wel gebeur. God sal nie wette omtrent die sabat en jubeljare maak, om dan later nooit vervul te word nie. Die wette wag om in die toekoms op hierdie aarde vervul te word. Dit sal ook veroorsaak dat niemand eiendom kan opgaar soos dit vandag die geval is, en geen rente sal dan ingesamel kan word nie. Daar sal ideale sosiale omstandighede wees.

Die Jode was opgeroep om die loof huttefees te vier as 'n terugblik op die verlede. [Lev. 23:43] Dit het hulle laat herhinder aan die dae toe hulle onderweg was vanuit Egipte na Kanaan. Die pasga is ook volgens die Jode iets van die verlede. Hier word weer teruggekyk na die tyd van Egipte, toe die Here al die eergeborenes in Egipte gedood het. Ons as deel van Christus se liggaam, het 'n geheel ander visie omtrent die betekenis van die pasga en loof huttefees. Ons kyk nie na die ver-

lede maar eerder na Christus vir die betekenis. As ons Christus in die pasga sien sal dit 'n diepere betekenis kry. Netso met die loof huttefees. Dit kyk na die verlede maar ook na die agste dag. Op die dag sal daar nie meer in loofhutte gebly word nie, want die ewigheids posisie het al aangebreek. Die loof huttefees was ook gevier tydens die dae van Jesus op hierdie aarde. Joh. 7:10-53 Volgens vers 37 was die laaste dag (8e dag) van die fees, die grootste. Op die agste dag het die Here op 'n verborge wyse op die fees verskyn en gesê dat die dag omtrent Hom gaan. Hy het 'n uitnoding aan die volk gerig. "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink."
Die Jode was blind om die ware betekenis van die fees te sien.

Ek sal na die volgende voorbeelde verwys:

Israel

Die tyd toe Israel in die woestyn was, was dit 'n onnatuurlike tydelike verblyfplek vir hulle. Alles wat in die woestyn gebeur het was 'n tydelike saak. Die tydelike lewe van Israel in die woestyn, is ook as voorbeeld vir ons. 1Kor 10 Ons is nou in 'n soortgelyke geestelike situasie. Isreal was in slaverny in Egipte en toe in die woestyn. Ons is verlos van sonde (Egipte, of die wet) en is in woestyn soos die bok op Grote Versoendag. Hierdie tydelike verblyf is alles deel van die eerste 7 dae van die loof huttefees. Daar is 'n agste dag wat getuig van 'n ewigheids posisie. 'n Uitbeelding van die 8e dag is die land Kanaan. Tydens die 1000 jaar van vrede as Israel die loof huttefees sal vier, sal hulle en die res van die wêreld se volkere met verlangende harte op die agste dag wag, om dan finaal die agste dag (nuwe skepping) binne te gaan.

Gemeente

Ons as deel van die wêreld (ou skepping) wag op die verlossing van ons liggame. Dit leef nog voort in die eerste sewe dae. Ons is verlos van Egipte (van die slaverny van die wet) maar nog nie liggaamlik in die geestelike Kanaan nie. Met die wegraping sal ons liggame deel wees van die agste dag (nuwe skepping). Ons het 'n tydelike verblyfplek hier. Ons moet egter onthou dat ons wat deel het aan Christus se Liggaam, is geestelik alreeds deel van die agste dag.

Christus

Volgens Joh. 1:14 het die Here onder ons "gewoon" en die dissipels het Sy heerlikheid aanskou. Die woord "gewoon" word afgelei van die woord tabernakel. Hy was saam met ons op hierdie aarde, maar het met Sy opstanding die agste dag binnegegaan.

Wêreld

Volgens 2Petr. 3 sal die ou wêreld (die wêreld van sewe) vervang word met 'n nuwe wêreld. Dit sal alles deel uitmaak van die agste dag.

Die werklike betekenis van die fees draai om die agste dag. Die sewende dag staan vir die laaste dag van die ou

skepping. Dit is onder andere tipe van die 1000 jarige ryk en sabat.

Volgens Num. 29 moes daar heelwat diere tydens die loof huttefees geslag word. Onder andere was daar 70 bulle wat weer terugkyk na die wêreld van die sewe. Die baie offers is finaal. Die oue word verbrand om plek te maak vir die nuwe skepping.

Dag 1 13 jonge bulle
Dag 2 12 jonge bulle
Dag 3 11 jonge bulle
Dag 4 10 jonge bulle
Dag 5 9 jonge bulle
Dag 6 8 jonge bulle
Dag 7 7 jonge bulle
= 70 jonge bulle

Volgens Lev. 23:42 moes die Israeliete vir 7 dae in hutte bly. Tydens die lewe van Nehemia het hulle wel die loof huttefees gevier, en elkeen het toe sy eie hut van boomtakke of palmtakke gemaak. Neh. 8.

Die boom wat in Psalm 1 geplant is, is 'n tipe van Christus. Dit is geplant by waterryke water strome, wat beteken dat die boom nie eers daar was nie, maar wel later geplant is. Dit is geplant met Christus se opstanding uit die dode uit. Die nuwe lewe wat deur Christus se opstanding gevolg het, is by waterryke strome. Die nuwe lewe in Christus is die vervulling van God se Woord. Dit is "hierdie boom" se takke wat gebruik moet word. Hulle moet vir 7 dae onder die boomtakke skuil. Hulle moet by Christus skuil totdat die nuwe skepping binnegegaan word. Vir sommige Christene mag dit baie vervelig wees dat alles op Christus van toepassing gebring word. Hulle voel dat die Skrif eerder op die mens in algemeen, toegepas moet word.

Met hierdie fees sal die nuwe skepping finaal binnegegaan word. Dit is die rede waarom die volk tydens hierdie fees baie vrolik moet wees. Lev. 23:40; Deut. 16:14; Neh. 8:18 As die loof huttefees alleenlik sy betekenis op Israel se verblyf in die woestyn het, waarom word Israel dan telkemale herhinder om vrolik te wees. Die verblyf van Israel in die woestyn was geen blye aangeleentheid nie!
Die rede van die blydskap is dat die Koninkryk van Christus blywend is, en sal altyd bly voortbestaan in die nuwe hemel en aarde. Die situasie hier op aarde sal verander word. Christus sal dan self die sentrale punt van die skepping inneem.

Die gevolg is dan dat die diere se geaardheid en hulle spysverterings kanaal verander sal word.
"Dan wei die wolf by die lam..... en die leeu eet strooi soos 'n os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk." Jes. 11: 6-8

Die Loof huttefees sien vooruit na die nuwe skepping. Christus is ons loofhut. Hy bedek ons in hierdie ou skepping, totdat die nuwe skepping finaal binnegegaan word.

De herder

door Johannes de Heer (1930)

"En als de overste Herder verschenen zal zijn, zo zult gij de onverwelkelijke kroon der heerlijkheid behalen." 1Petr. 5:4

In het bovenstaande houdt Petrus de kroon der heerlijkheid voor aan de ouderlingen, die als getrouwe herders de kudde weiden.

De plaats van herder is een bijzonder bevoorrechte, waarvoor ook een bijzondere kroon is weggelegd. We denken hier zowel aan de voorgangers die de Heer als herders aan de gemeente heeft gegeven, als ook aan de herdertaak, die ieder gelovige heeft ten opzichte van de zorg voor zijn medebroeders en -zusters.

Er dient te worden opgemerkt, dat Petrus zich hier richt tot de ouderlingen, zonder dat daarbij een zweem te bespeuren is van verheffing boven de anderen. Niets van een opper-priesterschap, wat sommigen hem willen toekennen; hij zegt integendeel: "Ik, die een mede-ouderling ben." 1Pet. 5:1

Er was niet de minste kiem van opperpriesterschap in hem; hij kent maar één overste Herder en Die is Jezus. En als hij de ouderlingen wijst op hun herderschap, heeft hij daarbij slechts als voorbeeld: de goede Herder, Die Zelf Zijn leven heeft gegeven voor de schapen, Die uit liefde tot hen Zichzelf heeft gesteld tot een rantsoen.

Aldus zullen ook de ouderlingen, als ware herders, de kudde Gods weiden, "niet uit bedwang", maar uit liefde "gewilliglijk". Niet "uit vuil gewin", doch met een "volvaardig gemoed", dat bereid is, zich uit te storten ten koste van de schapen. 1Pet. 5:2 We denken hierbij aan Paulus, die gaarne voor de zielen van zijn schapen ten koste wilde gegeven worden; 2Kor. 12:15 die - behalve het Evangelie - ook zijn eigen ziel mededeelde.

Hij vermaant hen, geen heerschappij te voeren, doch als voorbeelden der kudde te zijn, 1Pet. 5:3 gelijk Christus, Die gezegd heeft: "Indien iemand wil de eerste zijn, die zal de laatste van allen zijn, en aller dienaar." Mk. 9:35
En: "Leert van Mij, dat ik zachmoedig ben en nederig van hart." Mat. 11:29

Aardse opper-priesters voorzien zich op aarde reeds van een kroon, doch welk een kroon wacht degene, die trouw is in de herderzorg! Die heerlijkheid zal geopenbaard worden, als de overste Herder verschenen zal zijn

Het onderwerp van de volgende College-dag
in Bolsward op 13 december 2003 is:

Rangorde en volgorde in de Bijbel

Het onderwerp van de volgende Contact-dag
in 't Harde op 10 januari 2004 is:

Het Boek Job

met de onverwelkelijke kroon der heerlijkheid in Zijn hand. Hijzelf, Die als de goede Herder Zijn leven gegeven heeft voor de schapen, deelt deze kroon uit; Hij kan beoordelen, wie als herder zijn taak naar de wil des Heeren heeft volbracht.

De kroon, die Hij zal drukken op het hoofd der getrouwen, is een onverwelkelijke. Het woord "onverwelkelijk" betekent eigenlijk ook: "niet uit te blussen". Een onverwelkelijke, niet uit te blussen kroon! Een kroon, die zal bloeien, gelijk eens de herdersstaf van Aäron bloeide. Evenals op de Gezalfde des Heeren "zijn kroon zal bloeien", Ps. 132:18 zal dit ook het geval zijn met degenen, die in Zijn vernedering, Hem zijn nagevolgd, om met Hem verhoogd te worden. Rom. 8:17; 2Tim. 2:11, 12

Ziet, Hij komt; met Hem Zijn loon,
Voor uw dienst een koningskroon.

Wie hier gaat en zaait met tranen, enig ziende op 's Vaders eer,
Oogst een vreugd, die nooit kan tanen, eeuwig, zalig bij de Heer.

Word dan nooit het zaaien moede, woeker met uw kracht en tijd;
Eens wordt in de dag des oogstes naar uw werk uw hart verblijd.

Zie in 't rond, aanschouw de velden, Zie hoe God er wasdom geeft;
Honderdvoudig zal de oogst zijn, hoe de satan ook weerstreeft.

's Hemels dauw bevocht de akker, koest'rend stooft de zon het zaad,
Tot met volgeladen aren 't goudgeel graan te rijpen staat.

Lied 283 J.d.H.

Agenda

Bijbelstudies o.l.v. Ab Klein Haneveld worden D.V. en onder voorbehoud gehouden in de volgende plaatsen:

ALKMAAR donderdag 4/18 dec, 29 jan, 12/26 feb, 11/25 mrt, 8/22 apr, 6 mei,19:45 uur; "Delta", Oude Kanaaldijk 2, De brief aan Efeze

AMSTERDAM zaterdag 31 jan, 28 feb, 27 mrt, 24 apr, 22 mei, 15:00 uur; Postjesweg 150

BEVERWIJK zondag 7 mrt, 11 jul, 10:00 uur; B.H.K.-gebouw, Groenelaan 74

BOLSWARD zondag 7 dec, 4 jan, 1/ 29 feb, 28 mrt, 25 apr, 23 mei, 20 jun, 10:00 uur;
Het boek Openbaring
18 apr, 14:00, Doopdienst
Christen Ontmoetingscentrum Petra, Burg. Praamsmalaan 18A

BOLSWARD 13 dec, 7 feb, 3 apr, 29 mei, 10:00 uur; Ontmoetingscentrum Petra, Burg. Praamsmalaan 18A Nederlands Bijbelstudie College

DRACHTEN donderdag 11 dec, 22 jan, 5/19 feb, 4/18 mrt, 1/15/29 apr, 13/27 mei, 20:00 uur; Rode Kruis gebouw,
De Geeuw 31, Maleachi

DRACHTEN zondag 21 mrt, 14:00 uur; Rode Kruis gebouw, De Geeuw 31

EINDHOVEN woensdag 3/17 dec, 28 jan, 11/25 feb, 10/24 mrt, 7/21 apr, 5/19 mei, 20:00 uur; Emmaüskerk, Barrierweg.

EMMEN maandag 8 dec, 19 jan, 2/16 feb, 1/15/29 mrt, 26 apr, 10/24 mei, 19:30 uur; Ichthuskerk, Walstraat 21
Brieven aan Timotheüs

't HARDE zaterdag 10 jan, 6 mrt, 1 mei; 10:00 uur; 't Poshuis, Munnikenweg 58 Nederlands Bijbelstudie Contactdag

LEERDAM zondag 21 dec, 18 jan, 15 feb, 14 mrt, 11 apr, 9 mei, 10:00 uur; Patrimonium, Jeekelstr. 40a.
Het boek Openbaring

LINSCHOTEN maandag 1/15 dec, 26 jan, 9/23 feb, 8/22 mrt, 5/19 apr, 3/ 17 mei, 20:00 uur; "De Vaart", J. Barneveldstraat 24,
Het boek Handelingen

OLDEBROEK dinsdag 2/16 dec, 27 jan, 10/24 feb, 9/23 mrt, 6/20 apr, 4,18 mei,20:00 uur; Stationsweg 43; De wederkomst van Christus

OLDEBROEK zondag 7/21 dec, 4/18 jan, 1/15/29 feb, 14/28 mrt, 11/25 apr, 9/23 mei, 17:30 uur; L.H.N.O. gebouw, Van Sytzamalaan 3

URK dinsdag 9 dec, 20 jan, 3/17 feb, 2/16/30 mrt, 13/27 apr, 11/25 mei, 20:00 uur; Staartweg 22a
De brief aan de Hebreeën

Geliefde lezer,

In deze circulaire in de eerste plaats een uitgebreid (zuid-)afrikaans artikel over de "hoogtijden des Heeren" uit Lev. 23, geschreven door een goede vriend en broeder. In de tweede plaats een stukje van br. Johannes de Heer over de herder in de Gemeente.
Persoonlijk schrijf ik Gemeente altijd met een hoofdletter, om aan te geven dat ik werkelijk geloof in slechts één Gemeente, het "erfdeel des Heeren", waarvan wij, álle gelovigen, leden zijn. Maar helaas, gemeenteleden hebben dikwijls geen flauw idee waarvan zij lid zijn.
Indien wél, dan zouden zij niet opgaan in de "hypes" rond "discipelschap" en, nog erger, het tegenovergestelde: het zogenoemde "(kerk-)leiderschap".
Indien wél, dan zouden zij van harte instemmen met de bijbelse leer van de opname der Gemeente ruim vóór de "grote verdrukking". Het feit dat in dezen "niemand zijn opvatting spijkerhard kan bewijzen", zoals br. H. Medema laatst publiceerde, wordt immers veroorzaakt door gebrek aan kennis over zowel de Gemeente als de grote verdrukking. Want het volk Gods gaat niet te gronde door gebrek aan leiders, zoals br. J. W. Grievink onlangs debiteerde, maar "door gebrek aan kennis", zoals Hosea profeteerde. [4:6]
Daarom hoop ik u spoedig weer te mogen begroeten.

Ab Klein Haneveld

Nederlands Bijbelstudie Centrum

Uit de statuten: "De Stichting Nederlands Bijbelstudie Centrum stelt zich ten doel de kennis van de inhoud van de Bijbel, die zij beschouwt als God Woord, te verspreiden. De stichting tracht haar doel te verwezenlijken door getuigenis in woord en geschrift."
In de praktijk wordt dit gedaan door het houden van bijbelstudieavonden, contactdagen, collegedagen en conferenties, met als vervolg de uitgave van de lezingen op audio-cd's en cassettes en de uitgave van brochures en deze circulaire. Financieel is het Nederlands Bijbelstudie Centrum in hoge mate afhankelijk van vrijwillige bijdragen.

Correspondentieadres
Benny Goodmanstraat 40
1311 RA Almere

telefoon (036) 53 62 976
telefax (036) 54 68 644

Internet
www.bijbelstudie.nl
info@bijbelstudie.nl

Giften
Postbank 5567669
Rabobank 308747046

ten name van
Nederlands Bijbelstudie Centrum
Bolsward